

## Agtergrond

Om te lees is een van die belangrikste vaardighede wat leerders in die grondslagfase moet bemeester. Om hierdie rede word 'n volle 2 uur en 30 minute per week vir **groepbegeleide lees** voorgeskryf, en 'n verdere 45 minute vir **gedeelde lees**.

Die *Meerkat*-reeks, wat uit 2 klasleesboeke per graad vir graad 1-3 bestaan, is saamgestel vir groepbegeleide lees. Elke klasleesboek bevat materiaal vir twee kwartale.

## Groepbegeleide lees

In die klaskamer word groepbegeleide lees op twee maniere gedoen:

- met die hele klas uit 'n klasleesboek, en
- met groepe leerders op verskillende leesvlakke uit gegradeerde leesboeke.

## Die klasleesboek

Hierdie klasleesboek is só geskryf dat die gemiddelde leerder 'n storie met taamlike gemak kan lees nadat dit met hom of haar deurgegaan is. Al die leerders in die klas werk uit dieselfde boek en die storie-inhoud word gewoonlik gebruik as basis vir 'n aantal lees- en skryfopdragte. Die stories behoort ook aan te sluit by die temas wat in die kurrikulum voorgeskryf word.

Leiding word verskaf ten opsigte van die klanke en sig- en spelwoorde wat met elke les aandag moet kry. Elke leesles bevat ook 'n aantal lees- en skryfoefeninge wat by die spesifieke les pas. Een storie met gepaardgaande aktiwiteite per week word aanbeveel.

Agter in die leesboek word 'n leesplan met duidelike riglyne vir die leesaktiwiteite per dubbelbladsy verskaf. Daar word ook stap vir stap verduidelik hoe die leesles aangepak kan word, en 'n verskeidenheid leesspeletjies word verskaf wat vinnige woord- en klankherkenning speel-speel oefen.

## Gegradeerde leesboeke vir gedifferensieerde lees

Al die leerders in die klas lees nie ewe goed nie. Sommige leerders kan moontlik sukkel om die klasleesboek te lees, terwyl ander die inhoud maklik bemeester. Om een leesles per week te lees, bied eintlik ook nie genoeg oefening om te waarborg dat leerders op standaard lees nie. Om elke leerder genoeg lees oefening te gee en leerders volgens hul vermoë te laat lees, word leesreekse met 'n stel gegradeerde leesboekies vir gedifferensieerde lees gebruik. Hierdie leesboeke word gekies om by die kind se leesvaardigheid aan te pas, en sluit nie noodwendig by die kurrikulumtemas aan nie. Die boekies in so 'n leesboekreeks sal byvoorbeeld die moeilikheidsgraad van die betrokke leesboek aandui.

## Gedeelde lees

Gedeelde lees word met die hele klas of in leesgroepe gedoen en maak van vergrote leesmateriaal gebruik.

**Hierdie leesboek is 'n klasleesboek** en nie 'n gegradeerde leesboek vir gedifferensieerde lees nie. Dit bevat ook nie vergrote teks wat vir gedeelde lees gebruik word nie.

## Soorte lees

Elke leesles behoort verskillende tipes lees in te sluit. Hier is 'n paar voorbeelde:

**Spoeplees:** Met net 250 woorde kan 'n leerder 60-75% van enige teks lees. Hierdie woorde word hoëfrekwensie-sigwoorde genoem en sluit woorde in soos *ek, is, die, nie, en, het, word*. Daar word met elke leesles geoefen om die sigwoorde so vinnig as moontlik te lees. Hoe makliker en vinniger leerders die sigwoorde kan lees, hoe meer tyd het hulle om die res van die sin te ontsyfer. Agter in die boek word wenke gegee vir hoe spoedlees speel-speel geoefen kan word. Spesifieke sigwoorde word by elke les aangedui.

**Vooraflees:** Vooraflees word gebruik om te voorspel wat in die teks gaan gebeur. In hierdie klasleesboek word leerders byvoorbeeld gelei om die prent te bestudeer en later om die eerste sin van elke paragraaf te lees, waarna hulle moet voorspel waaroor die teks gaan.

**Soeklees:** Soeklees word gebruik wanneer 'n mens na iets spesieks – soos 'n woord, naam of feit – in die teks soek. Die tegniek word agter in die boek verduidelik. Toepaslike soekleesoefeninge word vir elke les verskaf. Leerders soek byvoorbeeld na woorde met sekere klanke of lees- en skryftekens.

**Hardoplees en stillees:** Dis aanvanklik vir leerders makliker om te lees wanneer hulle woorde hardop uitklank omdat hulle die woord tegelykertyd sien en hoor. Maar leesbegrip hang baie af van hoe vinnig 'n mens kan lees, en dit neem langer om hardop te lees. Daarom behoort stillees baie aandag te kry. In die leesplan word aangedui wanneer daar na stillees oorgaan kan word, en daar word wenke gegee vir hoe stillees aangemoedig kan word.

**Voordraglees:** Hardoplees is nie noodwendig voordraglees nie. Voordraglees neem byvoorbeeld intonasie, stemtoon, volume en wisselende leesspoed in ag, en die leerder leer dit doen deur die volwasse voorleser na te aap. Later kan dit vanself kom. Hierdie klasleesboek is so geskryf dat dit voordraglees maklik maak.

Lekker lees aan die *Meerkat*-reeks. Hierdie klasleesboek gaan u – en die leerders – ure se doelgerigte pret verskaf.

**Mart Meij**

## Hoe om 'n leesles aan te pak

### Vooraf

- Maak flitskaarte van die klanke en sigwoorde wat vir die kwartaal voorgeskryf is. Die klanke sal enkelklanke, dubbelklanke (bv. **ee, oo, uu** en **aa**), klinkersamestellings (**ie, ou, eu**, ens.) en medeklinkersamestellings (**br-, st-, str-, -ld, -rf**, ens.) insluit. Die leesplan dui die verskillende klanke en klanksamestellings aan. Die flitskaarte moet groot genoeg en die letters dik genoeg wees dat die leerders wat agter in die klas sit die kaarte met gemak kan ontsyfer.
- Verdeel die flitskaarte in stelle volgens die woorde/klanke per week.
- Haal nou net die pakkies flitskaarte uit wat vir die les gebruik gaan word. Voorbeeld: As dit week 14 is, haal u die klanke en sigwoorde vir week 1-14 uit.

### Die leesles self

- ❖ Een hoofstuk per week word aanbeveel.
- ❖ 'n Gemiddelde leesles behoort ongeveer 'n halfuur te duur.
- ❖ Probeer altyd dieselfde roetine volg wanneer u 'n leesles aanbied. Byvoorbeeld:

### Klanke, spelling en spoedlees

- Begin deur die bekende klanke te flits en laat die leerders die klanke so vinnig as moontlik lees. Kyk by die voorgestelde speletjies hier onder hoe u die oefening interessant kan hou. **Belangrik:** Gebruik die klanke in die volgorde wat in die leesplan aangedui word.
- Stel die nuwe klanke bekend.
- Stel die nuwe sigwoorde bekend.
- Teen dag 3 skommel u die nuwe en ou sigwoorde saam. Spoedlees al die sigwoorde deur gebruik te maak van spoedleesspeletjie (sien hier onder).

### Soeklees

- Flits 'n sigwoord. Die leerders lees die woord en soek dit in hul leesles.
- Noem 'n klank wat in die storie voorkom. Wie kan eerste 'n woord met die klank kry? Fokus op klanke wat in die betrokke week bekendgestel word.
- Noem 'n woord uit die les. Wie kry eerste die woord?

#### Wenke vir soeklees

- Met soeklees word die hele teks nie woord vir woord gelees nie. Wys die leerders hoe om hul hand links bo by die eerste reël te sit en dan in vlot S-bewegings van links na regs oor die bladsy te beweeg terwyl hulle na 'n spesifieke woord/klank soek. Die beweging help die oë om nie op elke woord vas te steek nie.
- Gebruik slegs die leesles vir soeklees, nie die opdragte nie.

### Voorlees

- Stel die inhoud bekend deur die storie vir die leerders voor te lees. Gee aandag aan intonasie, en wissel die leesspoed, volume, ensovoorts, af. Die leerders volg

die les in hul klasleesboeke.

- Lees die les weer 'n keer, maar stop hier en daar en vra verskillende leerders om verder te lees. Dit dwing die leerders om saam te lees en nie net te luister nie.
- ◉ **Belangrik:** U behoort die storie hoogstens twee keer voor te lees, anders begin leerders die inhoud onthou. Papegaai lees is die gevolg.

### Bespreek die leesles se inhoud

- Laat die leerders leestekens aantoon en verduidelik hoe die leesteken die sin beïnvloed.
- Vra 'n paar geheue- en begripvrae oor die inhoud. Onthou dat die leerders elke keer hul antwoord moet motiveer.

### Stillees

Gee die leerders kans om die les sonder u ondersteuning te lees. Moedig stillees aan.

### Leesopdragte

Verduidelik die eerste twee of drie leesopdragte. Op elke volgende dag van die week verduidelik u die volgende leesopdrag of twee.

- ◉ **Belangrik:** Moenie van die leerders verwag om die leesopdragte self te lees en sonder verduideliking uit te voer nie. U kan ook nie al die opdragte op een dag aan die leerders verduidelik nie. Hulle sal dit nie alles onthou nie en oor en oor vra wat hulle moet doen.

### Gedifferensieerde lees

Terwyl die leerders met hul leesopdragte uit die klasleesboek besig is, neem u kleiner leesgroepe om uit hulle gedifferensieerde leesboeke vir u te kom lees. Volg presies dieselfde stappe as met die klasbegeleide lees uit die klasleesboek.

### Leesspeletjies om lees oefeninge pret te hou

- Leerders staan in 'n ry 'n paar meter van u af. Flits die klanke/sigwoorde. Wie kan eerste die flitskaart lees? Die leerder neem 'n skoengrootte tree vorentoe. Wie kan eerste aan u raak?
- ◉ Kinders wat die antwoord uitskree, slaan een beurt oor.
- Dieselfde idee: Leerders sit op hul stoele. Die leerder wat eerste antwoord, staan op sy/haar stoel, dan op sy/haar tafel, dan terug op sy/haar stoel en dan is hy/sy die wenner en neem nie verder deel nie.
- ◉ Deur vinnige lesers uit te skakel, help u die stadiger lesers om nie moed op te gee nie.
- Kan jy die woord/klank lees as jy jou hande bo jou kop hou? O! Jy kan! Maar nou het ek jou vas: Kan jy die woord lees as jy op jou stoel staan met jou hande bo jou kop? Ai! Die klas is baie slim! Ek is seker julle sal dit nie kan doen as julle jul hande bo julle kop hou, op julle tafel staan en 'n boontjiesak op julle kop balanseer nie, ens.
- Lees die woorde met die fynste/grofste stem wat jy kan. Kan jy die woorde lees sonder om jou lippe te roer/met 'n koeëlronde mond, ensovoorts.

## Leesplan vir kwartaal 1 en 2

In Graad 2 het ons ons toegespits op basiese leesvaardighede (soeklees, spoedlees, vooraflees, hardoplees, voordraglees). In hierdie leesboek gaan u daarmee voort, maar u sal sien dat feitetekste nou 'n groter rol begin speel. Daar word ook heelwat tyd aan leesbegrip bestee. Leerders moet byvoorbeeld die kerngedagte van die leesstuk en van elke paragraaf benoem, karakters in die storie identifiseer, sê wie die hoofkarakter is, ensovoorts. Op bladsy 42 is die lespatroon stap vir stap uiteengesit. Volg die lespatroon en gee veral aandag aan die aktiwiteite wat in die leesplan vir die week aangedui word.

Kwartaal 1			
Week	Bladsy	Klanke/Spelwoorde/ Sigwoorde	Lees- en ander vaardighede
<b>Storie 1: Leer of speel?</b>			
1	2,3 Hoofstuk 1: <b>Flip de Wet se dag</b>	<p><b>Klanke</b> Hersien enkelklanke</p> <p><b>Spelwoorde</b> wit, ken, bed, val, rym, fop, bok, sug, sap, val, hom, dof, wit, lig, buk, rus, jy, lyf, net, rem</p> <p><b>Hoëfrekwensie-sigwoorde</b> op, om, dit, is, hy, by, kom, wil, met, hom, het, van, sy, kan, nog, dis, vir, ek, en, in</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Identifiseer hoofkarakters</li> <li>• Identifiseer hoofgedagte</li> <li>• Deel gevoelens oor teks</li> <li>• Leerders beantwoord vrae om seker te maak hulle verstaan</li> <li>• Voorspel verloop van storie/leesles en motiveer antwoord</li> <li>• Lees 'n tydrooster</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Groot heen-en-weer-oogbewegings wat middellyn kruis – eers met beide oë, dan een oog, dan ander oog, dan terwyl op een been gebalanseer word</li> <li>• Identifiseer leestekens; toon aan hoe dit intonasie beïnvloed</li> <li>• Soeklees van enkelklanke, sigwoorde, leestekens</li> <li>• Spoedlees: sigwoorde</li> </ul>
2	4,5 Hoofstuk 2: <b>Die maats maak 'n plan</b>	<p><b>Klanke</b> Hersien <b>e/ee, o/oo, a/aa, u/uu</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• saag, kaal, waag, jaar</li> <li>• weef, deeg, heen, heel</li> <li>• noot, woon, boot, soom</li> <li>• muur, nuus, vuur, skuur</li> <li>• maar, daar, gaan, graag</li> </ul> <p><b>Nuwe sigwoorde</b> lees, loop, meer, gaan, daar, saam, klaar, leer, speel, maar, waar, slaap, weet, vuur, wees, skool, aan, soos, groot</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskryf 'n karakter en gee opinie oor storie binne groepsverband</li> <li>• Beklemtoon oorsaak/gevolg in storie (omdat/want)</li> <li>• Begin van hierdie week af verwag dat leerders deurgaans hulle antwoorde motiveer. Vra dus elke keer: “Hoekom sê jy so?”</li> <li>• Lees en verstaan van 'n tydrooster</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gekartelde heen-en-weer-oogbewegings wat middellyn kruis – eers met beide oë, dan een oog, dan ander oog, dan terwyl op een been gebalanseer word</li> <li>• Grafiese teks: diagramme/tydlyne/lysius/roosters</li> <li>• Doen steeds soeklees en spoedlees</li> </ul>
3	6,7 Hoofstuk 3: <b>Bos toe!</b>	<p><b>Klanke</b> Hersien <b>ie</b> en <b>oe</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• wiel, dief, mier, lief, kiem, tier, siek, nies, vier</li> <li>• voel, boek, voer, hoes, toer, woes, roep, boer</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> die, hoe, nie, soek, moet, hoef, goed, tien, hier, moenie, groen, toe</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Boekkonsep: omslag, voorblad, titel</li> <li>• Bekyk prent/e en lees titel; voorspel storie n.a.v. die prente</li> <li>• Beantwoord denkvrae individueel en motiveer antwoord</li> <li>• Dui paragrawe in teks aan en identifiseer die hoofgedagte van die paragraaf</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Groot diagonale oogbewegings wat middellyn kruis – eers met beide oë, dan een oog, dan ander oog, dan terwyl op een been gebalanseer word</li> <li>• Spoedlees sigwoorde</li> <li>• Selfmonitering m.b.t. woordherkenning en begripsvaardighede</li> <li>• Soeklees van sig- en spelwoorde, leestekens – gebruik intonasie n.a.v. leestekens</li> <li>• Bespreek aanhalingstekens in eenvoudige dialoog, bv: “Hier is baie plek om te bly,” sê Flip in sy skik.</li> <li>• Lees/opstel van lysies</li> </ul>

4	8, 9 Hoofstuk 4: 'n Dag in die bos	<p><b>Klanke</b> Hersien <b>ou</b> en <b>ui</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>vrou, sout, goud, kous, fout, woud, klou, blou, stout</li> <li>juig, tuin, huis, vuil, duif, ruit, muis, ruig, suis</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> koud, nou, hou, vrou, voor, huis, vuil, roep, uit, gou, wie, jou</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Beskryf 'n karakter en gee opinie oor storie (individueel)</li> <li>Identifiseer die hoofidee en detail/besonderhede in stories en beantwoord denkvrae.</li> <li>Verduidelik oorsaak/gevolg in storie (omdat/want) individueel</li> <li>Dui leestekens en dialoog in teks aan en sê hoe dit intonasie beïnvloed</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Groot op-/afbewegings en S-bewegings en heen-en-weerbewegings met oë beurtelings toe, dan wanneer op een been gebalanseer word</li> <li>Dui leestekens in teks aan (aanhalingstekens, komma, punt, vraagteken, uitroepteken) en toon aan hoe dit lees beïnvloed</li> <li>Spoelees sigwoorde</li> <li>Soeklees van sig- en spelwoorde, leestekens, ens.</li> </ul>
<b>Storie 2: Martie Meerkat</b>			
5	10, 11 Hoofstuk 1: Martie Meerkat skrik groot	<p><b>Klanke</b> Hersien <b>eu</b> en <b>ei</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>peul, reuk, kreun, deur, meul, neut, jeuk, geur</li> <li>seil, Mei, trein, vleis, keil, vlei, wei, sein</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> klein, neus, beurt, wys, deur, sien, voel, doen, my, was, diep</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Voorspel storie vooraf deur net na die prente te kyk (lees m.a.w. prente). Hoe reg was die voorspelling?</li> <li>Spreek 'n opinie uit oor die inhoud van die storie en karakters</li> <li>Dui verskillende tipes dialoog in teks aan</li> <li>Identifiseer die hoofgedagte in elke sin</li> <li>Interpreteer sleutelkaarte (opdrag 5)</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Groot sirkel-, sigsag- en hobbewegings met oë sodat die middellyn gekruis word met beide oë, dan wanneer op een been gebalanseer word</li> <li>Spoelees sigwoorde</li> <li>Soeklees van sig- en spelwoorde, leestekens, ens.</li> </ul>
6	12, 13 Hoofstuk 2: Al weer Martie Meerkat!	<p><b>Klanke</b> <b>ooi, aai, eeu, oei</b></p> <p><b>Moontlike speltoets</b> kul, wen, paar, soom, nuut, vry, leeg, hok, lief, boer, jou, duif, meul, sein, looi, meeu, kraai, koei, bly, bus</p> <p><b>Sigwoorde</b> mooi, draai, raai, groei, skreeu, weer, haar, weg, toe, ook, teen, maar, groot</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Spreek individueel 'n opinie uit oor die teks/karakters</li> <li>Wat is die verskil tussen verhalende teks en fantasie? Het die storie ook fantasie in?</li> <li>Identifiseer die hoofgedagte/s in elke paragraaf; maak 'n diagram/geheuekaart saam met die onderwyser en vertel die storie terug n.a.v. die diagram</li> <li>Watter drie meerkatfeite kan die leerder uit die storie aflei?</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Groot sirkel-, sigsag- en hobbewegings sodat die middellyn gekruis word met oë beurtelings toe, dan terwyl op een been gebalanseer word</li> <li>Beklemtoon vooraflees m.b.v. fluisterlees (vinniger)</li> <li>Soeklees sig- en spelwoorde, leestekens</li> <li>Dui dialoog in teks aan en pas intonasie daarvolgens aan</li> </ul>

Feitestuk			
7	14, 15 Meer oor meerkatte	<p><b>Klanke</b> Hersien alle klinkersamestellings</p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• geut, treur, skeur</li> <li>• leeu, meeu, sneeu</li> <li>• roos, skool, skoon</li> <li>• mooi, vlooi, gooi</li> <li>• skaal, praat, vraag</li> <li>• fraai, laai, saai</li> <li>• skoen, spoeg, vloer</li> <li>• koei, snoei, vloei</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> aan, ken, maak, bly, praat, hulle, soos, wat, kry, plek, graag, af</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskil tussen feitetekste en verhalende teks? Het hoofstuk 1 en 2 van die Martie Meerkat-storie ook feite in?</li> <li>• Identifiseer die hoofgedagtes in elke sin, maak 'n diagram/geheuekaart saam met die onderwyser en vertel die feite terug n.a.v. die diagram</li> <li>• Luister vir rymwoorde in teks</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Groot lui-8-beweging met die oë wat middellyn kruis terwyl op een been staan</li> <li>• Stillees teenoor hardoplees – kyk na verskil in leesspoed</li> <li>• Begin stillees beklemtoon: potlood tussen lippe mag nie uitval/roer nie</li> <li>• Soeklees sig- en spelwoorde, voornaamwoorde</li> <li>• Hardoplees met intonasie</li> </ul>
Storie 3: Kinders oor die wêreld			
8	16, 17 Hoofstuk 1: Kinders in Indië	<p><b>Klanke</b> woorde wat eindig op <b>e/ee/a/o</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dra, kla, pla, vla, vee, slee, mee</li> <li>• se/see/sê, te/tee</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> waarin, daardie, waarvan, daarvan, oomblik, vandag, elkeen, daarop, waarop, daarom</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Identifiseer kernwoord/e of -frase in elke paragraaf.</li> <li>• Identifiseer die hoofgedagtes in elke sin; teken 'n diagram/geheuekaart saam met die onderwyser en vertel die inhoud van die leesles terug n.a.v. die diagram</li> <li>• Vertel die inhoud terug n.a.v. die diagram wat opgestel is</li> <li>• Watter feite oor skole in Indië kan die leerder aflei uit die storie?</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bekende oogtoewysing terwyl leerder op 'n tou/baksteen op die grond staan</li> <li>• Vluglees titel en eerste sin; stillees as vooraflees</li> <li>• Soeklees voorbeelde van spelreëls in teks, sig- en spelwoorde, leestekens, ens.</li> <li>• Spoedlees sigwoorde</li> </ul>
9	18, 19 Hoofstuk 2: Kinders in China	<p><b>Klanke</b> woorde wat eindig op <b>-t</b> en <b>-d</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kat, tert, poot, ruit, hut, neut</li> <li>• perd, hond, hoed, speld, bord, bed</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> hand, land, aand, kind, maand, hard, kort, hart, kant</p> <p><b>'n Maklike spelreël:</b> Vind uit of 'n woord 'n <b>t</b> of <b>d</b> aan die einde van die woord kry deur dit 'n meervoud te maak, bv. tert/terte, hond/honde.</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Identifiseer kernwoord/e of -frase in elke paragraaf</li> <li>• Maak 'n diagram/geheuekaart saam met die onderwyser</li> <li>• Vertel die inhoud terug n.a.v. die diagram wat opgestel is</li> <li>• Watter feite oor skole in China kan die leerder aflei uit die storie?</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b> Rond af:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vlot lees en skryf van voorgeskrewe letters/klanke, voorgeskrewe sig- en spelwoorde</li> <li>• Die volgende leestegnieke: stillees, hardoplees met klem op intonasie en interpretasie</li> <li>• Insig en eie oordeel van die leerder</li> </ul> <p>Begin om leestegniek te assesser</p>
10	20, 21 Hoofstuk 3: <b>Kinders in Suid-Afrika</b>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lees en interpreteer diagramme</li> <li>• Lees op vir eie navorsing</li> <li>• Hersien klanke en spelwoorde wat tot nou bekendgestel is</li> <li>• Hersien die voorgeskrewe hoëfrekwensie-sigwoorde daagliks in pakkies van 15-20</li> </ul>

Kwartaal 2			
Storie 4: Kat-en-muis-stories			
11	22, 23 Hoofstuk 1: Die vet muis en die maer kat	<p><b>Klanke</b> woorde wat eindig op <b>-rm</b> en <b>-lm</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>warm, wurm, derm, swerm, storm</li> <li>kalm, talm, skelm, palm, dwelm</li> </ul> <p><b>Spelreël:</b> Tussen 'n <b>r</b> en 'n <b>m</b> kom nie 'n klinker nie, al spreek jy dit met 'n <b>i</b> of <b>e</b> uit. <i>Voorbeeld:</i> arm. Enigste uitsondering: darem.</p> <p><b>Sigwoorde</b> <i>Voornaamwoorde:</i> ons, my, ek, hy, hulle, julle, jou, haar, hom, hul, sy, jy</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Doen steeds die volgende:</li> <li>Identifiseer en beskryf hoofkarakters en Identifiseer hoofgedagte</li> <li>Deel gevoelens oor teks/gee opinie oor storie/lug 'n mening. Antwoorde/opinies moet deurgaans gemotiveer word (antwoord moet gevolg word deur want/omdat . . .)</li> <li>Beantwoord vrae om begrip te toon</li> <li>Voorspel verloop van storie/leesles en motiveer waarom</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Doen steeds vluglees, vooraflees, stillees</li> <li>Soeklees kernbegrippe en gegewe woorde/klanke/spelreëls</li> <li>Spoodlees: sigwoorde en klanke</li> <li>Hardoplees: intonasie, volume, inagneming van leestekens</li> </ul>
12	24, 25 Hoofstuk 2: Die kat is weg en die muis is baas	<p><b>Klanke</b> <b>-ng</b> en <b>-nk</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>blink, jonk, tenk, sink</li> <li>sing, wang, ring, tong</li> </ul> <p><b>Spelreël 1:</b> 'n Gogga (<b>g</b>) en 'n koning (<b>k</b>) staan nooit langs mekaar nie (sprinkaan, bank).</p> <p><b>Spelreël 2:</b> Lettergreepverdeling by <b>-nk/-ng</b> woorde. Voorbeeld: ban-kie.</p> <p><b>Sigwoorde</b> lang, dink, bring, bang, lank, dankie, jong, langs, gang, ding</p>	<p><b>Leesbegrip</b> Soos voorheen. Voeg by:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Leeders identifiseer oorsaak/gevolg (omdat/want)</li> <li>Identifiseer oorsaak/gevolg in leesles</li> <li>Eenvoudige mondelinge boekresensie</li> <li>Plakkate/advertensies – doel, teikengroep, interpretasie, opstel, leestekengebruik in advertensies</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Doen steeds vluglees, vooraflees, spoedlees, soeklees</li> <li>Interpretasie van grafiese teks – advertensies/plakkate</li> <li>Analiseer, vergelyk en kontrasteer inligting</li> </ul>
Storie 5: 'n Besige bos			
13	26, 27 Hoofstuk 1: Die insekte se sportdag	<p><b>Klanke</b> <b>-el, -er</b> as eindklanke</p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>lepel, hoepel, sypel, ketel, krewel</li> <li>gieter, water, beker, woeker, seker</li> </ul> <p><b>Spelreël:</b> Jy sê <b>-il</b> en <b>-ir</b> as jy praat, maar skryf <b>-er</b> en <b>-el</b></p> <p><b>Sigwoorde</b> onder, verder, later, gister, sonder, minder, agter, amper, ander, water, nader, seker</p>	<p><b>Leesbegrip</b> Soos voorheen, en voeg by:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Besoek die mediasentrum</li> <li>Boekkonsep: omslag, voorblad, titel, inhoudsopgawe, indeks, bladsyverwysings en opsoek van inligting in feiteboek</li> </ul> <p>In leesboek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik leesboek se inhoudsopgawe om inligting te vind</li> <li>Identifiseer die hoofgedagte van die paragraaf</li> <li>Verstaan waarom die leesstuk op 'n spesifieke plek in paragrafe verdeel is</li> <li>Onderskei tussen verhalende teks en feitetekst</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Doen steeds vluglees, vooraflees, spoedlees, soeklees</li> <li>Begin om op te kyk van boek wanneer hardoplees gedoen word</li> <li>Selfmonitering m.b.t. woordherkenning en begripsvaardighede</li> <li>Soek kernbegrip in paragraaf/elke sin</li> <li>Beskryf en vergelyk 'n insek n.a.v. die voorbeelde in die storie</li> </ul>

14	28, 29 Hoofstuk 2: <b>Pouse by die sportdag</b>	Hersien en assesseeer
15	30, 31 Hoofstuk 3: <b>Die konsert</b>	<p><b>Klanke</b> Beginklanke <b>be-</b>, <b>ge-</b> en <b>ver-</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• beveel, bestaan, begryp, behoort, bekyk</li> <li>• verpleeg, vermis, verpas, versier, versoek</li> <li>• getel, geweet, gewaai, gebel, gesien, gevoel, gelag, gehoor, geproe</li> </ul> <p><b>Spelreël 1:</b> Jy sê <b>gi-</b> en <b>vir-</b> en <b>bi-</b>, maar skryf <b>ge-/ver-/be-</b>.</p> <p><b>Spelreël 2:</b> Breek woorde af na <b>be-</b>, <b>ge-</b>, <b>ver-</b>, bv. ge/sing, be/veel</p> <p><b>Sigwoorde</b> besluit, begin, gereed, gelyk, geslaap, geniet, verby, gesê, betaal, genoeg, gehoor, verstaan</p>
16	32, 33 Hoofstuk 4: <b>Oom Tor pas babas op</b>	<p><b>Klanke</b> <b>-lik/-like, -ig/-ige</b></p> <p><b>Spelwoorde</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• aaklige, rustige, pragtige, woelige</li> <li>• sieklike, vreeslike, moeilike, lelike</li> </ul> <p><b>Spelreël:</b> Breek woorde af net voor <b>-like</b> en <b>-lige</b></p> <p><b>Sigwoorde</b> eerste, gewees, kinders, wag, help, stil, pas, pragtig, vas, baie, meeste, reeds</p>

Feitestuk			
17	34, 35: <b>Die bruin gevaar</b>	<p><b>Klanke</b> oop en geslote lettergrepe</p> <p><b>Gebruik woorde uit die leesles:</b> beloof, insekte, sportveld, middel, verhoog, flikker, verkyk, gereed, miskruiers, begin, gelyk, krieke, lyfies, syfer, verhoog, muskiete, sukses, miljoene</p> <p><b>Nog maklike reëls t.o.v. lettergreepverdeling:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>tussen twee eenderse medeklinkers, bv. blom-me</li> <li>na die klinker(s), bv. wie-le</li> <li>by saamgestelde woorde tussen woorde, bv. skool-tas</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> waarin, daardie, waarvan, daarvan, oomblik, vandag, elkeen, daarop, waarop, daarom</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Identifiseer rymwoorde in teks</li> <li>Wat is die verskil tussen verhalende teks, fantasie en feitetekst? Watter tipe teks is geles?</li> <li>Verwantskap tussen oorsaak/gevolg, gebruik van voegwoorde <b>want</b> en <b>omdat</b></li> <li>Identifiseer die hoofgedagtes in 'n teks; maak 'n geheuekaart en vertel die inhoud terug n.a.v. die geheuekaart</li> <li>Lees aanwysings (resep)</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Hou vol met vluglees, vooraflees, spoedlees, soeklees, oogkontak gedurende hardoplees</li> <li>Doen ook: opsoektegnieke m.b.v. indeks en inhoudsopgawe</li> </ul>
Storie 6: Die verhaal van die pop, Lebone			
18	36, 37 Hoofstuk 1: <b>Lebone word weggegooi</b>	<p><b>Klanke</b> Hersien vokaalkombinasies en benoem die vokaalgroepe Groep 1: <b>aa, ee, oo, uu</b> Groep 2: <b>ie, oe, ou, ui, ei, eu, aai, ooi, oei, eeu</b> Groep 3: <b>a, e, o, i, u</b></p> <p><b>Bou woordfamilies as hersiening</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>dief/duif/doef/doof</li> <li>skiet/skuit/skoot/skeet</li> <li>vier/voor/veer/vaar/vuur/voer</li> <li>rooi/raai/roei</li> <li>brou/brei/braai/broei</li> <li>keel/koel/kuil/kaal/keil/kool</li> </ul> <p><b>Sigwoorde</b> altyd, nuwe, almal, miskien, gebruik, waarom, omdat, tussen, lekker, alles, hierdie, seun</p>	<p><b>Leesbegrip</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Bepaal self sleutelgedagte vir elke paragraaf en stel 'n geheuekaart op</li> <li>Vertel die storie terug n.a.v. die geheuekaart wat opgestel is</li> <li>Lees instruksies</li> <li>Lees advertensies/plakkate – ook met grafiese ontwerp daarop</li> <li>Gee steeds aandag aan rym</li> <li>Mondelinge boekresensie – leerder lug opinie en druk gevoelens uit oor tipe teks, karakters, verloop van gebeure, illustrasies, daarvan gehou of nie, ens.</li> </ul> <p><b>Leestegniek</b> Soos voorheen, hou vol met vluglees, vooraflees, spoedlees, soeklees, oogkontak gedurende hardoplees, naslaantegnieke</p>
19	38, 39 Hoofstuk 2: <b>'n Nuwe lewe vir Lebone</b>		<ul style="list-style-type: none"> <li>Skriftelike boekresensie</li> <li>Hersien en begin assesser</li> </ul>
20	40, 41 Hoofstuk 3: <b>Dokter Lebone</b>		Rond af en voltooi assessering